Verdrukking - Oordeel van die Sewe Trompette (Deel 2)

In Openbaring 8 sê Johannes: *"[2] En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee. [3] 'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. [4] Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God. [5] Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom. [6] Die sewe engele met die sewe trompette het hulle toe gereed gemaak om daarop te blaas."*

Eerste Oordeel

Openbaring 8:7 lees ons: *"Die eerste engel het op sy trompet geblaas. Daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. 'n Derde van die aarde is verbrand, 'n derde van die bome is verbrand, en al die groen gras is verbrand."*

'n Derde van die plantegroei wat op die aarde verbrand beteken 'n derde minder voedsel, want plante voed mens en dier. Dit gaan lei tot nog meer hongersnood en nog meer mense wat gaan sterf as gevolg daarvan.

Tweede Oordeel

Openbaring 8:8-9 lees ons: *"[8] Die tweede engel het toe op sy trompet geblaas. Iets soos 'n groot berg wat brand, is in die see gegooi. 'n Derde van die see het bloed geword, [9] 'n derde van alles wat in die see lewe, het doodgegaan, en 'n derde van die skepe het vergaan."*

Johannes het nog nooit in sy lewe 'n meteoriet gesien nie, daarom die beskrywing van 'n brandende berg! Volgens die Bybel weet ons dat hierdie meteoriet in die see gaan val. Wetenskaplikes het al op verskeie geleenthede navorsing gedoen oor wat presies sal gebeur as 'n meteoriet die see of die land sou tref. Die uitkoms is nooit duidelik nie, omdat verskeie faktore soos die spoed, gewig en deursnee van die meteoriet, weersomstandighede en nog meer 'n belangrike rol speel in die uitkoms. As ons egter vir ons doeleindes 'n asteroïde van een kilometer in deursnee sou vat wat trek teen 'n spoed van 72,000 kilometer per uur (hierdie syfers is nie ongewoon in die ruimte nie), dan sal die impak gelykstaande wees aan 'n ontploffing van 1.5 triljoen ton TNT. Die plons wat die impak sal veroorsaak, sal amper 20 kilometer hoog wees. 'n Versteuring van die see oppervlak op hierdie skaal sal 'n enorme tsunami veroorsaak met golwe van een kilometer hoog by die impak punt. Soos die golwe oor die see oppervlak trek sal die hoogte van die golwe afneem. Wetenskaplikes bereken dat die golwe oor 'n afstand van 60 kilometer van die impak punt af reeds twee derdes van hulle hoogte sou verloor het, maar moenie dat hierdie vir u vals hoop gee nie. Die golwe mag dalk klein wees soos dit verder oor die see oppervlak trek, maar soos die golwe die kus bereik veroorsaak die vlakker water van die kus gebied dat die golwe in hoogte groei. Nodeloos om te sê, die kusgebiede naby die punt van impak gaan die hardste getref word.

Die Bybel sê dat derde van alles wat in die see lewe sal doodgaan. Ons kan dus aanneem dat hierdie meteoriet 'n stof sal bevat wat giftig vir seelewe sal wees. Die Bybel sê verder dat 'n derde van die skepe sal vergaan; heel moontlik as 'n direkte gevolg van die tsunami.

Derde Oordeel

In Openbaring 8:10-11 lees ons *"[10] Toe het die derde engel op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het van die hemel af geval. Hy het op 'n derde van die riviere en op die waterbronne geval. [11] Die ster se naam is Bitterals. 'n Derde van die water het bitter geword, en baie mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was."*

Hierdie verskynsel gaan heel moontlik 'n komeet wees wat die aarde gaan tref. Wetenskaplikes noem die verskynsel wat in Openbaring beskryf word, "hitte-skok". Soos die komeet deur die aarde se atmosfeer trek, veroorsaak die hitte wrywing dat groot hoeveelhede suurstof en stikstof met mekaar laat meng, want weer op sy beurt 'n swaelsuur reën veroorsaak. Oral waar hierdie reën val, vergiftig dit die water en die plantegroei. Die vergiftigde water het 'n bitter smaak, daarom die Bybelse beskrywing "bitter als". Die Bybel sê dat hierdie bitter suur reën oor 'n derde van die wêreld se riviere en damme sal val. Dit gee ons 'n idee van hoe groot hierdie tragedie gaan wees.

Vierde Oordeel

In Openbaring 8:12 lees ons: *"Die vierde engel het toe op sy trompet geblaas. 'n Derde van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde van hulle donker geword het. 'n Derde deel van die dag het nie lig gehad nie, en die nag ook nie."*

Baie van u het al seker 'n totale sonsverduistering beleef. Dit sal vir u 'n goeie idee hoe dit lyk as die son met net een derde van sy krag die aarde verlig. Die impak wat hierdie verskynsel op die plantegroei gaan hê gaan uitermatig wees. Sonder sonlig kan niks groei nie! Die nag gaan ook 'n derde donkerder wees as wat ons aan gewoond is. Ek vind dit moeilik om hierdie verskynsel te verduidelik, want ek dink nie iemand het al ooit iets soos dit beleef nie…

Gedurende hierdie oordeel sal die eerste drie en 'n halwe jaar van die verdrukking verby wees. Die Tempel van Salomo sal nou al klaar gebou wees. Die herbou van die tempel op die Tempel Berg is die wêreld leier se geskenk aan Israel vir die ondertekening van die vrede verdrag in die begin van die verdrukking. Hierdie is egter net die helfte van die waarheid aangesien die wêreld leier van plan is om die tempel te ontheilig en homself tot god te verklaar!

Gedurende hierdie tyd gaan daar 'n sluipmoord aanval op die wêreld leier wees en hy gaan gedood word. Openbaring 13:3 sê dat die wêreld leier 'n dodelike wond aan sy kop al opdoen, maar dat die wond gaan genees en dat die hele wêreld verwonderd agter hom gaan aanloop omdat hy "uit die dood" opgestaan het. Wat die wêreld betref gaan hy 'n goddelike wese wees. Die wond aan sy kop gaan egter 'n litteken vorm wat nooit sal weggaan nie. (Openbaring 13:14)

Die twee getuies wat by die klaagmuur gestaan het van die begin van die verdrukking af se tyd op aarde is amper verby. Openbaring 11:3 sê dat hierdie getuies die woord van God aan die wêreld sal verkondig vir 1266 dae lank (3 en 'n halwe jaar). Niemand sal hulle gedurende hierdie tyd enige kwaad kan aandoen nie. Na die drie en 'n halwe jaar en nadat die wêreld leier "uit die dood" opgestaan het, sal hy self hierdie getuies dood maak. Die bewoners van die wêreld sal bly wees as die getuies dood is. Hulle sal vir mekaar geskenke stuur om die geleentheid te vier! Hulle liggame sal vir drie en 'n halwe dag op straat lê sonder dat iemand hulle sal begrawe. Daarna sal hulle uit die dood opstaan en in 'n wolk in die hemel opvaar. Almal sal dit sien en bevrees wees.

Van nou af gaan die wat Christenskap opgeneem het gedurende die Verdrukking, baie swaar kry. Openbaring 13:7 sê dat daar mag aan die wêreld leier gegee is om teen die gelowiges oorlog te voer en hulle te oorwin! Baie sal doodgemaak word… Johannes sê in Openbaring 13:10 dat die wat bestem is om dood gemaak te word, doodgemaak sal word, maar dat die gelowiges moet volhard in geloof.

In Openbaring 13:11 lees ons van die wêreld leier se hoof van propaganda; sy spreekbuis. Die Bybel sê dat hierdie man die voorkoms van ‘n lam sal hê, maar dat hy gaan praat soos ‘n draak! Hierdie man gaan al die gesag van die wêreld leier hê. Hy gaan die mag hê om groot tekens en wonders te doen, selfs vuur uit die hemel te laat kom om die mense te mislei. Hierdie man gaan beelde van die wêreld leier laat maak wat in elke dorpie opgerig gaan word. Die een wêreld geloof gaan afgeskaf word en die mense gaan geforseer word om die beelde van die wêreld leier te aanbid. Hierdie beelde gaan op ‘n bonatuurlike manier kan praat en almal wat nie hierdie beelde aanbid nie sal gedood sal word.

Een van die beelde gaan in die een hoek van die voorportaal van die Tempel van Salomo opgerig word. Die Bybel sê in Daniël en in Mattheus dat hierdie beeld ‘n gruwel vir God gaan wees. Tot nou toe het die Israeliete gedink die wêreld leier is die messias wat hulle al so lank verwag. Geen ware Israeliet sal ooit voor ‘n beeld neerbuig en dit aanbid nie, maar wanneer die wêreld leier se spreekbuis hulle gaan verplig om neer te buig en die beeld te aanbid dan gaan die woorde van Mattheus 24 bewaarheid word en hulle gaan vlug. Die Israeliete gaan besef dat die wêreld leier nie die messias is nie en dat hulle die ware Messias meer as twee duidend jaar gelede op ‘n hout kruis vasgespyker het!

Die wêreld leier se hoof van propaganda gaan mense ook verplig om ‘n merk op hulle hande of voorkoppe te laat aanbring. Sonder hierdie merk gaan niemand kan handel dryf nie. Geld soos ons dit ken gaan heeltemal uit die samelewing verdwyn. Jy gaan byvoorbeeld nie brood of melk kan koop sonder die merk nie. Openbaring 14:9-11 sê vir ons dat almal wat hierdie merk aanvaar vir altyd verlore gaan wees. Laasgenoemde sluit Christene in wat om watter rede ook al omdraai en die merk aanvaar. Die oomblik wat die merk aanvaar word is daar geen omdraai kans meer nie. Moet dus onder geen omstandighede die merk aanvaar nie!

Tot nou het God die mens se aandag probeer trek deur allerhande rampe op Aarde te laat plaasvind, maar voorts gaan God plae stuur om daardeur direk die mens se aandag te trek. Die plae wat van hier af gaan volg gaan niks anders as skrikwekkend wees nie! Die plae gaan egter net die mense wat die beeld van die wêreld leier aanbid en sy merk dra, aanval. Die wat die Christen geloof aangeneem het sal geensins enige leed aangedoen word nie. Die wêreld gaan dit sien en die Christendom nog meer haat!

Vyfde Oordeel

In Openbaring 9:1 lees ons: *“[1] Die vyfde engel het toe op sy trompet geblaas. Ek het 'n ster gesien wat van die hemel af op die aarde geval het, en die sleutel van die skag na die onderaardse diepte is aan hom gegee. [2] Hy het toe die skag na die onderaardse diepte oopgemaak, en daar het rook uit die skag uit opgestyg soos die rook van 'n groot oond. Deur die skag se rook is die son verduister en het die lug donker geword. [3] Toe het daar uit die rook sprinkane oor die aarde uitgeswerm. Aan hulle is dieselfde vermoë gegee as wat skerpioene op aarde het. [4] Hulle is aangesê om nie die gras van die aarde, die plante en die bome kwaad aan te doen nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie. [5] Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig. Die pyn wat hulle veroorsaak, is soos die pyn as 'n skerpioen 'n mens steek. [6] In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk. [7] Die sprinkane het gelyk soos perde wat regstaan vir oorlog. Op hulle koppe was daar iets soos krone wat gelyk het asof dit van goud is. Hulle gesigte was soos die gesigte van mense. [8] Hulle het lang hare gehad soos vrouens se hare, en hulle tande was soos dié van leeus. [9] Hulle borskaste was soos ysterharnasse. Die gedreun van hulle vlerke was soos die gedreun van baie strydwaens met perde wat opruk vir oorlog. [10] Hulle het sterte met angels soos dié van skerpioene; en in hulle sterte is hulle vermoë om die mense vyf maande lank kwaad aan te doen. [11] Hulle het die engel van die onderaardse diepte as koning oor hulle. Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam Apollion.”*

Die beskrywing hierbo is ‘n grillerige een op sy beste! ‘n Perdeby steek is klaar pynlik genoeg! Mens kan jou net voorstel hoe dit sal wees om vir vyf maande so gepynig te word. Jy sal later wens jy kan doodgaan, maar al probeer jy hoe hard om jouself om die lewe te bring, dit gaan jou nie gegun word nie! Ek is seker daarvan dat daar mense gaan wees wat gaan probeer om op allerhande maniere selfmoord te pleeg, maar hulle sal nie kan doodgaan nie. Ek kan my net indink hoe die ongeredde mense God gaan vloek oor hierdie plaag.

Die mees interessantste is dat hierdie wesens niks aan die wat tot bekering gekom het gaan doen nie. ‘n Bekeerling sal byvoorbeeld tussen hulle kan instap sonder om te vrees, want hierdie wesens het net die mag om die ongeredde mense skade aan te doen.

Sesde Oordeel

In Openbaring 9:13 kom die volgende plaag: *“[13] Toe het die sesde engel op sy trompet geblaas. Ek het 'n stem tussen die vier horings van die goue altaar voor God gehoor. [14] Die stem het vir die sesde engel, wat die trompet het, gesê: ‘Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is.’ [15] Die vier engele wat gereed gehou is vir hierdie uur en dag en maand en jaar, is toe losgelaat om 'n derde van die mensdom dood te maak. [16] Die aantal perderuiters van hulle leërs was miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel. Ek het hulle getal gehoor. [17] En in hierdie gesig het die perde en hulle ruiters só gelyk: hulle het vuurrooi, donkerblou en swaelgeel harnasse aangehad. Die perde se koppe was soos die koppe van leeus, en uit hulle bekke het daar vuur, rook en swael uitgekom. [18] Deur hierdie drie plae, die vuur, die rook en die swael wat uit hulle bekke uitgekom het, is 'n derde van die mensdom doodgemaak. [19] Die perde se vermoë om skade te doen, is in hulle bekke en ook in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee pynig hulle die mense.”*

Volgens die beskrywing gaan een derde van die wat ongered is met vuur en swael doodgebrand word as hulle in hierdie gediertes vasloop. Die wat nie gaan omkom nie gaan deur die slang sterte van hierdie gediertes gepik word. Weereens gaan die geredde mense nie deur hierdie gediertes aangeval word nie. Mens sal verwag dat na hierdie en die vorige plaag mense hulle tot God sal bekeer, maar Openbaring 9:20-21 sê dat dit nie gaan gebeur nie…

Sewende Oordeel

Die laaste plaag van die Trompette Oordeel is in Openbaring 10: *“[1] Toe het ek 'n ander engel, 'n sterke, uit die hemel uit sien afkom. Hy het 'n wolk om hom gehad en 'n reënboog bokant sy kop. Sy gesig was soos die son en sy bene soos vuurpilare. [2] In sy hand het hy 'n oop boekie gehad. Hy het toe met sy regtervoet op die see en met sy linkervoet op die land gaan staan [3] en met 'n harde stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul. Toe hy uitroep, het sewe donderslae geantwoord. [4] En toe die sewe donderslae praat, wou ek dit opskrywe, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: ‘Hou geheim wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie.’ [5] Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig [6] en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land en wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: ‘Daar is geen tyd meer oor nie.’”*

Dit kom voor asof hierdie nie ‘n oordeel is nie, maar ‘n waarskuwing. Ons weet nie wat die waarskuwing is nie, want Johannes was nie toegelaat om dit vir ons op te teken nie.

Aan die einde van hierdie oordeel, sal 56 maande op aarde verloop het na die ondertekening van die vrede verdrag met Israel. Dis vier jaar en agt maande. Die oordeel van die Bakke (Openbaring 16) gaan binnekort volg…